# VOORLEGGING AAN DIE SUB-KOMMISSIE VAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL OOR KINDERKOMMUNIE.

## 1. Die uitgesproke en duidelike posisie van die Gereformeerde Reformatore.

Die reformatore het nie ŉ onderskeid gemaak tussen ŉ geloof wat kinders moet bely tot toelating van die nagmaal en ŉ geloof wat volwassenes moet bely tot die nagmaal nie. Alhoewel belydenis wel op ŉ vroeëre leeftyd as tans afgelê is, is dit presies dieselfde geloof gewees as wat die kerk van sy volwassenes gevra het. Van ŉ kinderkommunie soos tans voorgestel as die gebruik van die nagmaal deur kinders sonder dieselfde openbare belydenis as wat van volwassenes verwag word, of deur ŉ ander sogenaamde "eenvoudige belydenis", is daar geen sprake binne die Reformasie waarmee die Ned. Geref. Kerk deur sy belydenisse een is nie.

Dit is ook die uitgesproke en duidelike standpunt van die Reformatore wat die grondslag van ons belydenisse neergelê en opgestel het: kinders wat nie dieselfde geloof as die res van die gemeente openbaar bely nie, word nie tot die nagmaal toegelaat nie, al is hulle gedoop. Die doop gee nie kinders toegang tot die nagmaal sonder dat hulle nie dieselfde geloof as die res van die gemeente openbaar bely nie.

## 2. Die verslag van AKLAS/AJK werk met en skep wanvoorstellings van die Reformasie.

### 2.1 T.o.v. die Heidelbergse Kategismus Sondag 30 vraag 81.

AKLAS/AJK gee die indruk dat die Heidelbergse Kategismus nie duidelike leiding in verband met die kindernagmaal gee nie. Hierdie foutiewe weergawe van die Heidelbergse Kategismus word verwoord deur net kortliks na Sondag 30 vraag 81 te verwys.

In Afrikaans klink die artikels so: "81 Wie moet na die nagsmaaltafel van die Here kom?
Antw. Hulle wat vanweë hulle sondes ŉ afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink ŉ veroordeling oor hulleself (a).
(a) 1 Kor.11:28; 10:19 - 22.

AKLAS gee die volgende verduideliking van wat hierdie vraag en antwoord sou beteken:

"Hierdie antwoord veronderstel kennis van die nagmaal, maar om daaruit af te lei dat dit jonger kinders diskwalifiseer, sou sekerlik ŉ oorspanning wees van die bedoeling. Klaarblyklik het die Kategismus volwassenes in gedagte. Kinders kom hoegenaamd nie binne die gesigsveld nie. Dit sou in elk geval ŉ fatale misverstand wees om te reken dat jou insig in die volle betekenis van die nagmaal dien as kwalifikasie daarvoor. Die strekking van die antwoord is veeleer dat juis diegene wat geen verdienste het waarop aanspraak gemaak kan word nie, "kwalifiseer" vir die nagmaal. Wat ons na die sakrament bring, is net maar ons groot armoede. (Calvyn)

Die beste persoon om te vra wat met hierdie vraag en antwoord bedoel word, is tog seker die een wat dit opgestel het: dr. Zacharias Ursinus. Hyself gee die volgende uitleg van hierdie vraag en antwoord.

“1. Wie dus aan het Avondmaal behoren te gaan, wordt ons in deze Vraag van de Cathechismus geleerd: 1. Een kennis en leedwezen over de zonden. 2. Een vertrouwen op Gods barmhartig heid, door en om Christus’ wil. 3. een streven naar boetvaardigheid en nieuwe gehoorzaamheid. In deze drie stukken bestaat het oprechte beproeven, waar Paulus over spreekt in Kor. 11:28: “Maar de mens beproeve zichzelven en ete alzo van het brood.” Want zichzelf beproeven is onderzoeken, of gij ook geloof en boetvaardigheid hebt, zoals in 2 Kor. 13:5 geschreven staat: onderzoekt uzelven of gij in het gelooft zijt, beproeft uzelven. Of kent gij uzelven niet, dat Jesus Christus in u is?” Maar waaraan zult u weten, dat ge deze dingen hebt? Het leedwezen wordt gevoeld in het hart. En het vertrouwen wordt gekend aan de gerustheid van het geweten, Rom5:1 en 5: “Wij dan gerechtvaardigd zijn uit het geloof, heben vrede bij God door onze Heere Jezus Christus; en de hope beschaamt niet, omdat de liefde Gods in onze harten uitgestort is”: en zo ook aan de beginselen van een oprechte gehoorzaamheid, zowel innerlik, en aan een ernstig voornemen om God te gehoorzamen naar al Zijn geboden. Daarom behoren zij, die deze dingen in zich gevoelen, aan het Avondmaal mogen gaan. **En om die reden is het, dat de kleine kinderen niet aan aan het Avondmaal mogen gaan, omdat deze dingen er metterdaad bij hen niet zijn, omdat zij zichzelf niet kunnen beproeven, noch de dood des Heeren kunnen verkondigen.”** ( Ursinus bl.154)

Wat AKLAS as feit stel dat hierdie belydenis nie die kinders in oog het nie, word weerlê deur die opsteller van die Kategismus self. AKLAS kan nie hulle bewering as feit aan die kerk deurgee nie. Hulle moet dit stel as ŉ verskil wat hulle opstel teenoor die uitdruklike standpunt van die opstellers van ons belydenisskrif. Om hulle mening as die strekking van die belydenis weer te gee is ŉ wanvoorstelling van die standpunt van die Heid. Kat. se eie bedoeling.

## 2.2 **<u>Die verslag werk so met die naam van Calvyn en die Reformasie as sou daar geen uitdruklike afwysing van die kindernagmaal deur hulle gewees het nie</u>.**

Die hele aanslag van die verslag van die AJK/AKLAS dra die indruk oor dat daar geen uitdruklike afwysing van die kindernagmaal deur Calvyn en die Gereformeerde reformatore was nie. Die volgende aanhalings wys die doelbewuste poging van die opstellers van die verslag om kindernagmaal aan te bied as iets wat nie uitdruklik volgens die Gereformeerde Reformatore as verkeerd volgens die Woord van God afgewys is nie.

“Die begrip “kinderkommunie” word op verskillende wyses gebruik. Soms dui dit op deelname aan die nagmaal deur jong kinders wat vooraf ŉ eenvoudiger belydenis van geloof afgelê het as die belydenis wat van volwassenes verwag word. In hierdie sin het ook die Hervorming die kinderkommunie beoefen.”

“Die Reformasie wys hierdie twee sakramente af, maar plaas die kategese en geloofsbelydenis wat oorspronklik toegang tot die doop verleen het, tussen die doop en die nagmaal. Voortaan sal

binne die kerke van die Reformasie geloofsbelydenis ŉ voorvereisde wees vir die ontvangs van die nagmaal."

"Uiteraard het die klem op die belydenis die deelname van die heel jong kinders aan die nagmaal uitgesluit. Tog is kinderkommunie in al die groot sentra van die Reformasie beoefen hoewel die toelatingsleeftyd verskil het en meestal nie formeel voorgeskryf is nie. In Genève was dit waarskynlik in die omgewing van 11 of 12 jaar."

"Die beloftes van die evangelie is vir die gelowiges en hulle kinders (Hand. 2:39) Derhalwe het die Reformasie met gloed die kinderdoop verdedig en die kinderkommunie beoefen."

"In ons belydenisskrifte word daar nêrens ŉ ouderdomsvereiste vir die toelating tot die nagmaal gestel nie."

"Die groot afstand wat tans tussen die doop en die eerste gebruik van die nagmaal bestaan, bring mee dat geeneen van die sakramente die pastorale funksie vervul wat dit vir Luther en Calvyn gehad het nie."

Met hierdie tipe stellings word die standpunt voorgehou dat die toelating van kinders sonder dieselfde openbare belydenis as wat die hele gemeente aan deel, of sonder enige belydenis hoegenaamd, nie iets is wat deur Calvyn afgewys word nie. Sy naam word deurlopend so gebruik om die indruk te wek dat dit juis binne die bedoeling van sy eie nagmaalsiening sou lê en dat die besware daarteen nie van Calvyn se kant sou kom nie, maar van ŉ latere ontwikkeling van die individualisme binne die Protestantisme sou verteenwoordig.

Hierteenoor staan die uitdruklike afwysing van die bediening van die nagmaal aan kinders as volg:

## Calvyn

"30 ŉ Weerlegging van die redenasie dat kinders nie gedoop moet word nie omdat hulle nog nie aan die nagmaal deelneem nie.

Ten slotte opper hulle die beswaar dat daar nie ŉ belangriker rede is waarom die doop nie aan kindertjies bedien moet word nie as juis die nagmaal van die Here. 147 Daaraan kan ons egter hoegenaamd nie toegee nie – net asof die Skrif nie op die groot verskil in alle opsigte tussen hierdie twee wys nie. In die kerk van ouds het dit weliswaar herhaaldelik gebeur (dat kindertjies ook in die nagmaal gedeel het) soos uit Cyprianus en Augustinus se werke blyk, maar hierdie gebruik het tereg in onbruik verval.148

Want as ons oor die aard en die kenmerke van die doop nadink, is dit beslis vir ons ŉ soort toe trede tot die kerk en as't ware ŉ inhuldiging waardeur ons onder die volk van God gereken word; dit is ŉ teken van ons geestelike wedergeboorte waardeur ons kinders van God wederbaar word. Aangesien die nagmaal aan die anderkant bestem is vir volwassenes wat die brose suigelingsjare ontgroei het, is hulle reeds in staat om volwasse voedsel te neem. Hierdie onderskeid word baie duidelik in die skrif aangetoon. So ver dit die doop aangaan, maak die Here daarin geen ouderdomsonderskeid nie. Maar Hy bied nie die nagmaal aan sodat almal daaraan deel moet hê

nie, maar sodat slegs diegene wat bekwaam is om die liggaam en die bloed van die Here te onderskei, in staat is om hulle gewetens te ondersoek, die dood van die Here te verkondig en oor die krag daarvan na te dink. Wil ons iets duideliker hê as wat die apostel leer wanneer hy ons vermaan  dat elkeen homself moet ondersoek en moet beproef, en dat hy dan van die brood moet eet en uit die beker moet drink?149 Die ondersoek behoort dus daaraan vooraf te gaan, en dit is iets wat tevergeefs van kinders verwag word. Net so: “Wie op ŉ onwaardige wyse eet, eet en drink tot sy ver oordeling omdat hy nie die liggaam van die Here onderskei nie.”150 As slegs diegene wat weet hoe die heiligheid van die liggaam van Christus na behore te onderskei, in staat is om op waardige wyse daarvan te eet, waarom sou ons dan vir ons teer kindertjies gif aanbied as lewendmakende voedsel? Wat word van die gebod van die Here” “Julle moet dit tot my gedagtenis doen”151 Wat van die verdere bevel wat die apostel daaruit aflei: “So dikwels julle hierdie brood eet, moet julle die dood van die Here verkondig totdat Hy kom?152 Nou vra ek jou: hoe sal ons van ons kindertjies herinnering vereis van iets wat hulle nog nooit met insig verstaan het nie? Hoe sal ons die verkondiging van die kruis van Christus waarvan hulle die krag en die weldaad nie begryp het nie, van hulle kan eis? Maar in die doop word niks hiervan voorgeskryf nie. Daarom is daar ŉ uiters groot verskil tussen hierde twee tekens waarop ons ook die aandag by die behandeling van die Ou Testament in die geval van soortgelyke tekens gevestig het.153   Die besnydenis waarvan bekend is dat dit met die doop ooreenstem, was vir kindertjies bedoel. 154 Die pasga, in die plek waarvan die nagmaal nou gekom het, het nie maar somaar enigiemand sonder onderskeid as gaste toegelaat nie. Dit is egter na behore geëet deur diegene wat op grond van hulle ouderdom oor die betekenis daarvan kon navraag doen.155 As hulle nog ŉ bietjie gesonde verstand oor het, sou hulle blind wees vir ŉ onderwerp wat so duidelik en voor die handliggend is.”  (Calvyn Boek 4.1.16.30  bl.1667  Simpson)

Uit hierdie stelling van Calvyn is dit duidelik:

a. Calvyn het uitdruklik die standpunt dat kinders toegang tot die nagmaal het omdat hulle gedoop is afgewys. Hy wys dit as ŉ geloofsdwaling af.

b. Calvyn het die bekende voorkoms van kindernagmaal in die vroeë kerkgeskiedenis afgewys as ŉ Bybels onhoudbare saak. Om aan hom en die Reformatore so iets soos die voorgestelde kinderkommunie toe te dig, is vals.

c. Calvyn stel dit uitdruklik dat die nagmaal vir volwassenes en nie vir kinders bedoel is nie.

d. Calvyn verduidelik uitvoerig dat kinders nie aan die wyse waarop die nagmaal gevier moet word kan deelneem nie, al is hulle gedoop. Hierdie saak verduidelik hy juis onder die doop.

e. Calvyn wys dat om ŉ kinderkommunie in die pasga te veronderstel is ŉ fout.

Dit is duidelik: die standpunt wat voorgehou word dat kinders wat gedoop is tot die nagmaal toegelaat moet word met of sonder ŉ eenvoudiger of alternatiewe belydenis as die wat die res van die gemeente bely - is ŉ saak wat Calyn self beredeneer en as ŉ dwaling afkeur.

Die poging van AKLAS/AJK om die beredenering van Calvyn as ŉ latere ontwikkeling a.g.v. individualisme binne die protestantisme voor te hou, en die Reformatore voor te hou as mense

wie die kinderkommunie sou erken: “Derhalwe het die Reformasie met gloed die kinderdoop verdedig en die kinderkommunie beoefen.”, is disinformasie en wanvoorstellings.

Die argumente wat die verslag teen kinderkommunie probeer weerlê, is die argumente van die Reformasie. Dit word nooit so aan die kerk voorgehou: as die wegbreek van en weerlegging van die standpunt van die Reformasie nie. Die argumente teen die standpunt van die Reformasie word aan lidmate voorgehou as ŉ uitbouing op die standpunt van die Reformasie. Hier vind onbewus of bewustelike ŉ stuk bedrog plaas binne die verslag van AKLAS/AJK.

## Dr. Ursinus Die Heidelbergse Kategismus.

Hierdie argumente is nie net die standpunt en saak van Calvyn nie. Dit is ook die standpunt van die opsteller van die Heidelbergse Kategismus, dr. Zacharias Ursinus.

“ Want wij beweren niet dat alle sacramenten toebehoren aan allen, wie die belofte toekomt; maar alleen dat sacrament, dat een publieke en gewone opneming is in de Gemeente; zoals vroeger de besnijdenis was en tans de Doop, maar niet het Pascha en het Avondmaal des Heeren. Evenwel trekken wij niet de conclusie, dat hun daarom allen tekenen toekomen, maar wel dit besluit: daarom dient aan de kleinen kinderen een tekens des verbonds gegeven te worden; namelijk hetwelk een opneming betekent in de gemeente, en dat geen conditie bezit, die de kinderen daarvan buitensluit. Indien zij het voorbeeld van Avondmaal tegen de Kinderdoop als volgt uitspelen 1):

Die gedoopt behoren te worden, dienen ook tot het Avondmaal toegelaten te worden. Maar de kinderen worden tot het avondmaal niet toegelaten. Dus behoren zij ook niet tot de Doop toegelaten te worden.......Dan zeggen wij, dat het niet waar is, dat allen die gedoopt moeten worden, ook tot het Avondmaal dienen toegelaten te worden. Want deze voorbeelden zijn ongelijk, d.w.z. er bestaat een onderscheid tussen deze beide sacramenten. Want1. de Doop is alleen een sacrament van ingang en opneming in de Gemeente, maar het Avondmaal is een sacrament van de volharding daarin, of een bevestiging van de plaatsgevonden opneming. Want het tweede sacrament is bij het eerste gekomen, als een verzegeling der genade die tevoren geschonken is, vanwege de menigvuldige aanvechtingen, die de volwassenen ondervinden; dat God n.l. degenen die eens in die gemeente opgenomen zijn, daarin steeds wil houden, en voortaan de weldaden laat genieten, die hun eenmaal gegeven werden; en dat Hij degenen de door de Doop wedergeboren zijn voedt en spijzigt met het lichaam en bloed van zijn Zoon, tot het eeuwige leven. En daarom wordt de Doop zeer gepast een sacrament der wedergeboorte genoemd, en het Avondmaal een sacrament van de geestelijke voeding. Bovendien is het voor de Doop voldoende om wedergeboren te worden, de Heilige Geest te ontvangen en geloof te bezitten, of dadelijk - zoals bij de volwassenen(het geval is) - of door genegenheid, zoals bij de kleinen kinderen; zoals blijkt uit Petrus’ woorden in Hand.10:47 : “Kan ook iemand het water weren, dat dezen niet gedoopt zouden worden, welke den Heilgen Geest ontvangen hebben gelijk als ook wij?” Maar voor een wettig gebruik van het Avondmaal zijn bepaalde voorwaarden te vervullen 1), die de Heilige Geest bij de instelling gevoegt heeft. Namelijk, dat zij zichzelf moeten beproeven of zij ook geloof en boetvaardigheid hebben; hetgeen de kleine kinderen niet kunnen doen.

Daarom is het duidelijk, dat de Doop zeer terecht aan de kleine kinderen bediend wordt, omdat zij tot de gemeente behoren, en als geboren burgers en als door de Heilige Geest wedergeboren, dienen aangenomen te worden; en het Avondmaal alleen de volwassenen dient meegedeeld te worden, omdat alleen zij het nodig hebben om tegen tal van aanvechtingen versterkt te worden, terwijl ook zij alleen de voorwaarden in acht nemen, die tot het gebruik van het Avondmaal vereist worden,d.w.z. zij kunnen de dood des Heeren verkondigen en zichzelf beproeven."
(Ursinus DEEL II bl. 63, 64)

"4. In de manier van de bediening. Want tot een wettig gebruik van de Doop is het voldoende, dat men wedergeboren is. Daarom wordt hij ook aan allen bediend, die de Kerk voor wedergeboren houden kan; zoals daar zijn de volwassenen, die het geloof belijden en de boetvaardigheid tonen ...., en de kleinen kinderen, die in de gemeente geboren zijn. Maar het Avondmaal vereist ook,dat zij die het zullen vieren hun geloof belijden, zichzelf beproeven, de dood des Heeren verkondigen en dankzegging doen, zoals er geschreven staat in 1 Kor. 11:24,26en 28: "Doet dat tot Mijne gedachtenis. Zo verkondigt den dood des Heeren, totdat Hij komt. Maar de mens beproeve zichzelven, en ete alzo van het brood en drinke van het drinkbeker". Daarom behoort de Doop aan het hele gemeente, zowel aan de kleine kinderen als de volwassenen bediend te worden, maar het Avond maal uitsluitend aan de volwassenen. Want alleen zij kunnen beproeven en de dood des Heeren verkondigen.

5. In de (volg)orde van ontvangst. Want de Doop moet voorafgaan en het Avondmaal volgen; d.w.z. de Doop moet zowel aan die volwassenen als aan de kleine kinderen bediend worden voor het gebruik van het Avondmaal. Maar het Avondmaal is uitsluitend voor hen, die gedoopt zijn, en dan niet direct na hun Doop, maar wanneer zij belijdenis des geloofs afgelegd en boetvaardigheid betoond hebben. Daarom werden in die Oud-christelijk kerk, na de beëindiging van de prediking en voor de bediening van het Nachtmaal de afgesnedenen en bezetenen weggezonden, en ook de catechumenen, d.w.z. zij die in de voornaamste stukken van de Christelijke religie onderwezen werden, maar nogt nog niet gedoopt zijn; of die dat wel waren, maar toch nog niet voldoende verstonden van de fundamenten des geloofs. Zo werden vroeger de onbesnedenen niet toegelaten tot de offers en ceremonien. en als zij gedoopt zijn, nog niet tot het Nachtmaal toegelaten mogen worden, voordat zij hun geloof belijden en boetvaardigheid betonen, ... met welk recht zouden dan de ongeregelde mense kunnen toegelaten worden, die wel gedoopt zijn, maar een leven leiden als honden en varkens!"
(Ursinus deel II bl.76, 77)

Uit hierdie uitleg van die Heidelbergse katigismus deur die opsteller daarvan is dit duidelik:

a. Kinders moet die teken van die verbond, die doop ontvang, maar gedoopte kinders wat die teken van die verbond dra, word nie deur hierdie teken of hulle deelname aan die verbond tot die nagmaal toegelaat nie.

b. Die nagmaal word net aan volwassenes bedien, nie aan kinders nie.

c. Kinders kan nie aan die eise van die nagmaal voldoen nie en kan daarom nie tot die nagmaal toegelaat word nie, al is hulle gedoopte verbondskinders.

Die verslag van AKLAS/AJK gee voor dat hulle op die verbondssiening van die Reformasie uitbou en dat die Reformatore nie met kinderkommunie probleme gehad het nie:

"* Die nagmaal as gemeenskapsmaal - Die beswaar wat soms teen kinderkommunie geopper word dat Paulus met betrekking tot die nagmaal praat van gedenk, glo en onderskeiding van die liggaam van Christus terwyl jong kinders nog nie daartoe in staat is nie, verraai die Protestantse neiging tot individualisme. Dit is dieselfde argument wat ook teen die kinderdoop gebruik word, naamlik dat suigelinge nog nie kan glo nie. Wie egter vanuit die verbondsgemeenskap dink, het hiermee geen probleem nie."

Dit is nie waar nie. Dit is 'n wanvoortstelling. Die Reformatore wat uit die verbondsgemeenskap gedink het en dit uitgebou het, het baie groot probleme gehad met kinderkommunie. Nie net sommige nie, maar al die Reformatore wat of die grondslag van ons belydenisse gelê het of dit opgestel het. Hulle het ook nie maar net probleme daarmee gehad nie, hulle het dit as dwaling afgewys.

## 3. Die gronde van die Gereformeerde standpunt oor die regte gebruik van die nagmaal.

Uit die aanhalings van Calvyn en die Heidelbergse Kategismus is dit duidelik dat hulle dit uitdruklik stel dat die kinders nog nie die liggaam van die Here kan onderskei, die dood van die Here kan verkondig, die dood van die Here kan gedenk, berou oor hulle sonde kan toon en hulle enigste heenkome in Christus soek nie of hulle self beproef of hulle in Christus is nie.

Hierdie eise wat hulle stel ten opsigte van die regte gebruik van die nagmaal is omdat hulle met die vraag geworstel het en beantwoord het: "Hoe eet 'n mens die liggaam van Jesus en hoe drink 'n mens die bloed van Jesus?"

In hierdie saak moet onderskei word tussen die gebruik van die tekens van die nagmaal en deelneem aan die saak van die nagmaal. Dit is nie hulle wat die brood eet en die wyn drink wat die nagmaal eet en drink nie. Dit is hulle wat die Here se liggaam eet en sy bloed drink wat die nagmaal eet en drink.

Daarom is daar nie 'n vraagstuk in die Reformasie soos: "Wie mag brood eet en wyn drink?" sonder dat dit presies bedoel word as: "Hoe eet 'n mens die Here se liggaam en hoe drink jy sy bloed nie?"

Hoe ons Christus se liggaam eet en sy bloed drink, word beantwoord in die belydenisskrifte:

a. "76 Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is te drink? Antw. Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem om daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken om boonop deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c), al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil sê dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en regeer word.

Heidelbergse Kategismus
Ons kan net op een manier Christus eet en drink: deur die hele lyding en sterwe van Christus te glo en deur te glo dat sy liggaam as mens vir ons die bron en voeding van die ewige lewe is. Die katigismus is duidelik dat hierdie tweede deel van "eet en drink" wesenlik noodsaaklik is om Christus te "eet en drink". Hierin word die gebruik van die nagmaal binne die Ned. Geref. Kerk direk gekoppel aan die saak soos Calvyn dit stel in Institusie Boek 4 4.17.5 tot 4.17.9.

Die kern van die tweede deel van Heid. Kat. 76 beskryf Calvyn as volg: "Tussen my woorde en hulle s'n is daar inderdaad dié verskil dat om te eet vir hulle slegs beteken om te glo; ek sê egter dat ons Christus se vlees eet deur te glo 31 omdat Hy deur die geloof ons eie gemaak word en dat so eet die vrug en die gevolg van die geloof is." (4.17.5 50 bl.1680 Simpson) Dit is hierdie manier waarop Christus geëet en gedrink word wat vir al die Reformatore waarop ons belydenis teruggaan, die gronde vorm vir die regte deelname aan die nagmaal. "Daaruit volg dat ons die nagmaal nie reg gebruik nie tensy ons ons oë op God rig en omhels wat Hy ons bied nie." (4.17.7. 35 bl.1682 Simpson)

Ons eet en drink Christus dus wanneer ons in die sakrament sy liggaam as mens en ons vereniging met Hom as mens in die hemel deur die Gees ontvang. Hierdie aanneming is 'n geloofshandeling waarin ek weet hoe Hy Homself gee en hoe ek Hom ontvang. Dit is alleen in hierdie aanneming van my vereniging met die liggaam van die Here in die hemel deur die Gees, dat die lyding, kruisiging en opstanding van die Here in die nagmaal geëet en gedrink word.

Wie nie in die nagmaal Christus so aanneem nie, eet nie die liggaam van die Here en drink ook nie sy bloed nie, al gebruik hy die tekens.

4. **'n Algehele afwesigheid van die vraag hoe eet 'n mens die liggaam van die Here en hoe drink 'n mens sy bloed in die verslag van AKLAS/AJK**.

Die behandeling van hierdie vraag wat die kern vorm van die Reformatore se standpunt oor die kinderkommunie, is totaal afwesig in die verslag van AKLAS/AJK. Hiervoor is daar 'n baie spesifieke rede: die verslag gaan oor hoekom mag kinders die brood en wyn gebruik, d.i. die verbondstekens. Die hele onderbou van die verslag is dat omdat kinders in die verbond is, mag hulle die tekens van die verbond gebruik; omdat hulle in die verbond ingesluit is, mag hulle nie van die nagmaal as verbondsteken uitgesluit word nie.

Met hierdie uitgangspunt word Heid. Kat. 81 dan so gelees as sou dit nie op kinders van toepassing wees nie. Hoe 'n mens die liggaam van Christus eet, nie die brood as teken nie en hoe 'n mens die bloed van die Here drink, nie net wyn as teken van hierdie "eet en drink" van die Here self nie, word glad nie aan die orde gestel nie.

Daarmee word die gronde van die standpunt waarvolgens die Reformasie gedoopte kinders van die nagmaal weerhou het - gewoon net genegeer asof dit nie belangrik of ter sake is nie. In die plek van die werklike gronde van die Reformasie word valslik motiewe soos "individualisme" aan die standpunt van die Reformasie toegedig.

5. **ʼn Misleiding t.o.v. die geloof in die Evangelie**.

Die inhoud van die geloof word wesenlik deur hierdie kinderkommunie soos voorgestel deur AKLAS/AJK aangetas. Die verslag wil dat kinders op grond van hulle deel wees van die verbond die tekens van die nagmaal kan en mag gebruik.

Indien hierdie beginsel waar sou wees, dan moet alle kinders van geboorte af die tekens van die nagmaal moet kan gebruik: of dit nou vir babatjies gevoer word deur hulle ouers en of hulle nou as kleintjies dit al self kan vat.

Hier blyk die teologiese onhoudbaarheid binne die verslag van AKLAS/AJK nou egter op sy duidelikste: terwyl die enigste teologiese gronde wat aangevoer word vir kinderkommunie die deelwees van die verbond is, sonder die selfondersoek van Heid. Kat. 81, wil albei verslae nog ʼn tipe geloofsondersoek en geloofsbelydenis as voorwaarde vir kinders se deelname aan die nagmaal behou.

Met hierdie voorstel van tog ʼn voorwaarde van geloofsondersoek en belydenis, nadat die eise wat die kerk nog altyd gestel het o.g.v. Heid. Kat.76 en 81 afgewys is, word ʼn teenstrydigheid geskep met hulle eie uitgangspunt: kinders het direkte toegang tot die nagmaal o.g.v. hulle deelwees van die verbond.

Vir hierdie totaal teenstydige standpunt word geen teologiese gronde aangevoer nie, net orde-rëelings i.t.v. die gemeentelike bestuur van lidmate: ouers wat weet hoe om te besluit vir hulle kinders en eenvormigheid tussen gemeentes.

Die reg wat die verslag homself toeëien om eers die geloofseise wat die kerk nog altyd gestel het af te skiet as onhoudbaar omdat die verbond kindertjies direkte toegang tot die nagmaal sou verleen, en dan weer hulle eie eise op te stel vir die toelating van kinders tot die kinderkommunie is ʼn sogenaamde “Korporatiewe geloof” wat gepaard gaan met ʼn “kinderlike” of “eenvoudige” geloof teenoor die “volwasse” geloof wat later openbaar bely word.

Hiermee is die eintlike saak op die tafel.

Die verslag van die kommissie wil nie ʼn verbondsstandpunt huldig dat die verbond dopelinge die reg tot die gebruik van die nagmaal verleen nie. Dit wil ander eise stel t.o.v. die toelating van die nagmaal as Heid. Kat.76 en 81. Hierdie nuwe eise gaan oor die sogenaamde “eenvoudige” of “kinderlike” geloof teenoor die geloof wat die kerk in Heid. Kat.76 en 81 bely as ʼn volwasse en ingewikkelde geloof.

Die geloofsinhoud van die Evangelie wat die kerk bely as die wyse waarop ons Christus eet en drink het hy verwoord in die twaalf artikels. Waar die Heid. Kat.76 praat van “die hele lyding en sterwe van Christus” aanneem, is dit die geloof in die hele lyding en sterwe soos wat dit in Heid. Kat. 21, 22 en 23 aan die orde gestel is.

Teenoor die geloofsbelydenis van die Heid. Kat. 21,22, en 23 stel die verslag van AKLAS/AJK nou twee alternatiewe “eenvoudige belydenisse”:

“ *1 Die Algemene Sinode besluit dat 'n gedoopte kind wat bely dat Christus vir hom/haar gesterf het, sodat hy/sy kan lewe, tot die gebruik van die nagmaal toegelaat word”

“ Nadat die betekenis van die doop en die nagmaal sowel as hulle lidmaatskap van die verbondsgemeente aan hulle verduidelik is, word die volgende eenvoudige geloofsbelydenis van hulle gevra:

* Glo jy dat die Bybel die Woord van God is?
* Glo jy dat God, die Vader die Skepper van hemel en aarde is?
* Glo jy dat die Here Jesus Christus vir jou sondes gesterf het,
  en dat Hy uit die dood opgestaan het,
  en het Hom lief?
* Glo jy dat die Heilige Gees in jou woon en jou lewe nuut maak?”

Volgens die AJK moet die kinders op hierdie vrae positief kan antwoord en dan word hulle name aan die kerkraad voorgelê.

Met hierdie alternatiewe belydenisse van AKLAS/AJK is ons nou presies net waar ons was toe kinders nie die nagmaal kon gebruik het voor openbare belydenis van geloof nie.

Indien hierdie belydenisse as voorwaarde gestel word tot die toelating van nagmaal gebruik, dan beteken dit dat die kinders getoets moet word aan die hand van hierdie belydenis of hulle nagmaal mag gebruik of nie. Die veronderstelling by al twee hierdie sogenaamde eenvoudige belydenisse is dat kinders wat nie hierde belydenis kan aflê nie, nie tot die nagmaal toegelaat kan word nie. Indien dit nie so is nie, is die hele gedagte van 'n belydenis as voorwaarde nie ernstig bedoel nie.

Tensy die AKLAS/AJK totaal ligsinnig is met hierdie voorstelle en bedoel dat enige kind wat so iets kan opsê of net mooi agter hulle ouers kan nasê die nagmaal mag gebruik, beteken die aflê van hierdie sogenaamde eenvoudige belydenisse dat die kinders ook moet weet wat hulle bely.

Wat hulle moet bely as hulle bely dat Jesus vir hulle sonde gesterf het, moet ook dan deur die kerk getoets kan word. Hoe kan die kerk die belydenis van 'n kind dat hy/sy glo dat Jesus vir hom/haar gesterf het en daarmee voorhou dat hy/sy verstaan wat bely word anders meet as die wyse waarop die hele kerk bely dat die sterwe van Jesus geglo word.

Die kerk bely in Heid. Kat. 40 en 43 wat dit vir alle gelowiges beteken dat Jesus vir hulle gesterf het:
“40 Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?
antw. weens die geregtigheid en waarheid van God kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie”

“43 Watter nut verkry ons verder uit die offer en die dood van Christus aan die kruis?
antw. Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan

ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onsself as ŉ dankoffer aan Hom wy."

Die kerk kan hierdie sogenaamde "eenvoudige" belydenis nie anders voorhou of toets as aan die hand van die belydenisskrifte nie.

Dieselfde geld van die AJK se voorstel. Die kinders moet die betekenis van die doop en nagmaal verduidelik word, en hulle verbondsverpligtinge. Dit kan mos net aan die hand van wat die kerk oor die doop en nagmaal in sy belydenisse leer aan kinders verduidelik word.

Die AJK se "eenvoudige belydenis" is ŉ seleksie van 5 van die twaalf artikels en ŉ belydenis van wetsgehoorsaamheid: om God lief te hê - iets wat nog nooit binne die kerk as deel van die geloofsbelydenis aanvaar is nie.

Indien die AJK ernstig is dat hierdie ŉ geloofsbelydenis is en nie maar net ŉ agternasê van ŉ paar sinne nie, dan moet die kind mos getoets kan word oor sy/haar begrip van wat hulle doen! Hoe anders kan dit getoets word as aan die hand van hoe die kerk self hierdie 5 artikels uitlê in die Heid. Kat. 26, 27, 28, 29, 34, 40,43 45, 53, 69, 70, 72, 73, 74, 75, 76, 77, 78, 81, 82?

Die hele veronderstelling van ŉ eenvoudige geloof soos wat die AKLAS/AJK dit in die verslag hanteer sluit egter hierdie toetsing aan die hand van die kerk se belydenis van geloof vir al sy lidmate uit.

Dit los ons dus net met twee moontlikhede vir die kinderkommunie:

5.1.**Die opsê en agternasê van die geloof**.

Dit kan nie anders verstaan word as juis dit wat die ondenkbare is nie -as ŉ kind net mooi hierdie sinne kan opsê - dan kan hy die nagmaal gebruik. Die teendeel is nog meer absurd -indien ŉ kind nie mooi hierdie sinne kan sê of selfs net nasê nie, dan mag hulle nie die nagmaal gebruik nie.

Met hierdie nasê en opsê van ŉ paar sinne het die kerk homself dan gedompel in die hele saak wat die Reformatore al reeds teenoor die Rooms Katolieke as ŉ dwaling uitgewys het: die saak van ŉ "eenvoudiger", d.i. "implisiete" geloof by kinders.

Oor hierdie "implisiete geloof" leer Calvyn: " Geloof is nie in onkunde geleë nie, maar in kennis ... Want wanneer die apostel sê dat ons met die hart glo tot geregtigheid en met die mond bely tot saligheid30, gee hy te kenne dat dit nie genoeg is as iemand implisiet sou glo as hy iets nie verstaan en dit deeglik ondersoek nie. Hy eis egter ŉ eksplisiete kennis van die goedheid vanGod omdat ons geregtigheid daarin geleë is." (Boek 3.2.2.20 bl.710 Simpson)

5.2 **ŉ Alternatiewe eenvoudige geloof.**

Die tweede moontlikheid is dat hier ŉ saak uitgemaak word vir ŉ alternatiewe eenvoudiger Evangelie en belydenis as die van die Kerk soos reeds bely in sy belydenisskrifte.

Wat die AKLAS/AJK in gebreke bly om te verduidelik is hoe ’n kind wat 5 artikels van die twaalf artikels kan ken en verstaan omdat dit eenvoudig is maar die ander nie, want dit is te ingewikkeld. Of hoekom ’n kind moet kan bely dat Jesus vir hom/haar gesterf het - hoekom nie bely dat Jesus gekruisig is, of gely het of uit die dood opgestaan het, of aan die regterhand van die Vader sit nie.

As ’n kind een van hierdie artikels kan ken, glo en bely, dan kan hy dit met almal doen. Daar is nie een van die twaalf artikels wat eenvoudiger en makliker is as die ander wat meer volwasse of ingewikkeld sou wees nie.

Die invoer van ’n “eenvoudiger” belydenis wat kinders tot die nagmaal kan toelaat of weerhou verskeur die inhoud van die geloof . Die eenvoudige geloof in God soos die kerk dit bely in die twaalf artikels word nou na willekeur opgeskeur in “eenvoudige” dele en “ingewikkelde” dele; artikels vir kinders en artikels vir grootmense.

3. **’n Alternatiewe maat vir die geloof.**

Indien hulle hierdie belydenis ernstig bedoel, dan sit ons presies net waar ons was voor hulle die eise tot belydenis van die tafel afgevee het met die standpunt dat die verbond gedoopte kinders direkte toegang tot die nagmaal verleen: ’n standpunt dat die kind eers ’n openbare belydenis kan doen waaraan hy getoets moet kan word. Om deur enige lid van ’n kerkraad ondersoek te word, maak enige vorm van belydenis, hoe eenvoudig, openbaar.

Al verskil is dat die eise vir die toetsing nie meer die inhoud van die belydenis van die kerk soos bely in vraag en antwoord 76 , 81,21,22, en 23 kan wees nie. Dit lê totaal buite die verwysing van hierdie “eenvoudige” belydenis dat hierdie vrae en antwoorde die maatstaf vir die belydenis sal wees.

Dit maak ook dat die inhoud van die geloof wat die kerk in sy belydenisskrifte stel as die geloof waarmee ons die liggaam van Jesus eet en sy bloed drink: die geloof wat die inlywing by die mensheid van Jesus in die hemel deur die Gees in die nagmaal ontvang, nie meer geag word as die wyse waarop kinders ook, net soos volwassenes, die liggaam van Jesus eet en sy bloed drink nie.

Deur ’n sogenaamde “eenvoudiger” geloof word die kwalifiserende geloof vir of ’n mens eet en drink -nie brood en wyn nie, maar Jesus self, verdring.

Wat is die nuwe maatstaf?

Dit word alreeds gedeeltelik in die verslag verwoord. Dit gaan nie meer oor wat die kind bely nie. Dit gaan nou oor hoe hy dit bely. Dit gaan oor die gesindheid van die belydenis. Dit gaan nie meer oor die inhoud van die belydenis nie. “opreg glo”, ’n houding dat op geen verdienste aanspraak gemaak moet word nie, ’n houding van “onwaardigheid”.

Indien die een pool van die belydenis net die mooi opsê van selektiewe belydenisse is dan sal die maatstaf vir hierdie belydenis nie meer wees die inhoud van die geloof nie, maar die mooi gesindheid waarin die kind die kind dit sê.

Binne die Ned. Geref. Kerk se praktyk van bekering as die wyse waarop die genade aanvaar word en die vervulling met die Gees as die wyse waarop ŉ mens moet reg leef sal daar vir hierdie kinders in die gemeentes waarin hierdie vroomheid hoogty vier nou die kerkregtelike meganisme wees om hulle belydenis se waarheid te toets aan die kind se toewyding volgens sy bekering, sy houding en sy uiterlike onderdanigheid aan die eise van hierdie vroomheid. Hoe anders moet hierdie mooi nasê van selektiewe artikels getoets word vir "opregtheid" en "onwaardigheid"

Hierin lê die wesenlike misleiding t.o.v. die geloofsbelydenis in die verslag: die opregtheid en onwaardigheid van die belydenis gaan nie meer oor dit wat bely word nie, maar die vrome en kinderlike houding waarin enige seleksie van kort belydenisse op- of nagesê word.

**6. Of geen eise of die eis soos gestel deur die Reformatore.**

Die toelating van kinders tot die nagmaal kan net op twee maniere geskied - selfs die verslag van AKLAS/AJK is dit eens:

**a.** of kinders kan vandat hulle gebore is die nagmaal gebruik omdat hulle in die verbond is en deelname aan die verbond jou toegang tot die nagmaal gee - dit is ŉ toegang tot die nagmaal sonder enige geloofseise of geloofsbelydenis,

**b.** of jy moet eers op die regte en enigste manier Christus kan eet en drink soos die kerk dit bely in Heid. Kat. 76 en 81. Indien ŉ mens net die nagmaal kan gebruik as jy Christus kan eet en drink soos bely in Heid. Kat. 76, dan kan dit net na ŉ volle belydenis van geloof in die openbaar wees soos wat die kerk dit bely in Heid. Akt. 21,22, en 23.

Die kerk kan nie ŉ standpunt aanvaar waar hy nie meer die eise vir toelating tot die nagmaal kan stel soos in Heid. Kat. 76 en 81 bely nie op grond van die verbondsstatus van kinders nie, en terselfde tyd ŉ nuwe alternatiewe belydenis vir toelating aanvaar wat ŉ ontoetsbare, seremoniële geloof by kinders veronderstel, net omdat hulle iets kan op of nasê nie, wat ook nie kinders toelaat tot die nagmaal net op grond van hulle verbondstatus nie.

Hoe kan die kerk homself van sy eie eise laat afsien deur ŉ teologiese standpunt waarvan die voorstanders van hierdie teologiese standpunt nie eers hulle eie standpunt ernstig opneem nie?

Die teenstrydighede en wanvoorstellings van AKLAS/AJK se verslag is tekenend van die geloofschaos en verwarring wat deur hierdie misvormde geloofsiening in die kerk ingedra sal word deur die kinderkommunie: ŉ hele belydenisaksie wat net ŉ uiterlike seremonie van die nasê van ŉ paar sinne is met ŉ mooi kinderlike houding daarby. Hierdie seremonie is volgens hulle eie bedoeling nie ŉ werklike toetsing of keuring tot die nagmaal nie. Dit is ŉ seremonie vir kerkordelike en gemeentelike bestuurreëlings.

**7.Opsomming:**

1. AKLAS/AJK se verslae is ŉ disinformasie en wanvoorstelling van die standpunt van die Reformatore.
2. AKLAS/AJK se argumente teen kinderkommunie is ŉ wegbreek van die standpunt van die Reformatore onder die dekmantel dat dit wegbreek van ŉ verkeerde ontwikkeling in die Protestantisme.
3. AKLAS/AJK se verslae vermy doelbewus die gronde waarvolgens die Reformatore die

kinderkommunie verwerp het, Heid. Kat. 76 en dig ander gronde aan hulle standpunt toe.

4. AKLAS/AJK vermy enige behandeling van of verduideliking van Heid. Kat.76, die wesen likste belydenis oor die wyse waarop die nagmaal gebruik word.
5. AKLAS/AJK voer 'n teologiese argument aan vir die afskaffing van kerklike standpunt oor volwaardige belydenisaflegging van die geloof waarin al die lidmate deel, nie net kinders nie, sowel as vir die instel van kinderkommunie waaraan hulle self nie gebind is in hulle verslag nie: kinders se verbondsstatus gee hulle die reg op die gebruik van die tekens van die verbond.
6. AKLAS/AJK voer 'n alternatiewe belydenis van geloof in die kerk in wat nie meer getoets kan word aan die hand van die inhoud van die kerk se belydenisskrifte nie, maat alternatiewe maatstawwe wat nie of aangetoon of verduidelik word nie.
7. AKLAS/AJK se voorgestelde kinderkommunie sal die kerk se eenvoudige belydenis van geloof in die Evangelie verskeur in willekeurige opbreek van "Kinderlike" en "ingewikkelde" geloofsdele.
8. AKLAS/AJK stel 'n alternatiewe belydenis van geloof vir die kerk in waaraan die opregtheid daarvan nie meer bepaal word deur die belydenisskrifte nie en die toetsing nie in die ampte sentreer nie, maar ouerskap.

ds. PJ Kriel
Opgestel 07.02.1997
Voorgelê 11.02.1997